
Ma's vir Wellington
Versorg · Beskerm · Lei · Liefde

# Getuienisbrief
# Junie 2020

"U beskerm die armes, die hulpeloses kom soek by U wegkruipplek. U gee skuiling teen die mag van die storm en skaduwee teen die son se hitte." Jes 25:4











**Kos wat versprei is:**

- 200 gesigmaskers
- 30kg wortels
- 168kg pere
- 470kg pap
- 35kg aartappels
- 657kg appels
- 969,7kg sopbene
- 30kg druiwe
- 245kg butternut
- 410kg eiervrug
- 677 kospakkies
- 60kg koejawels
- 240 brode
- 350 pakkies soppoeier
- 38kg sopmengsel
- 10liter sanitizer
- 5kg meel
- 200 liter sop
- 70kg rys
- 500kg lemoene
- 26 000 eiers
- 515kg mieliemeel
- 6 360kg naartjies
- 2 235kg patats

# Stories van hulp en hoop

## Covid-19

**Verspreiding in April - Junie 2020:**

Koskoopbewyse ter waarde van R350: **364**

Kospakkies vir huishoudings: **677**

Vars produkte, vleis en eiers aan sopkombuise: **630** mense (2/3x per week)

Skool aktiwiteitspakkies vir kinders: **297**

Ontsmettingsbottels: **60**

Bybel en bybelboekdonasies: **62**

**Persone Beinvloed**

264 Begunstigde families

13 Families met gestremde persone

4 Skool Sopkombuise

5 Privaat Sopkombuise



God is goed! Aan Sy liefde is daar geen einde nie!



## Hoe help ons tans die gemeenskap:

- Versprei **vars produkte**, **geskenkbewyse** en **kospakkies** na gesinne in nood
- Stel **aktiwiteitspakkies** vir kinders bymekaar sodat hulle steeds speel-speel hul weeklikse skoolaktiwiteite tuis kan verrig
- Ons gee **geestelike versterking** aan begunstigdes deur gebede, bemoedingingsbriewe en telefoonoproepe
- Ons het kontak met die veldwerkers, ECD onderwysers en Lighuise om **nood** in ons kinders se huishoudings en ook in die gemeenskap te **bepaal**, en dit dan aan te spreek.
- Ons gebruik hierdie tyd om ons personeel **in te lig**, **op te lig** en **sterk te maak** (maatskaplik, onderrigmetodes en geestelik)
- **Beplanningsessies** saam met ons personeel, veldwerkers en onderwysers
- Ons gaan voort met **spesiale projekte** soos byvoorbeeld die **Winterprojek** waar sweetpakkies, slaapsakkies, onderklere en reënjassies aan die kinders versprei word



## Kyk wat het jy in jou **Hand**

Jacques Truter

Wat is in jou hand om ander mee te seën? Dit maak nie saak wat jy het nie. Wat wel belangrik is, is dat jy bereid is om betrokke te raak. Ek wou graag help waar daar 'n gebrek was aan die mees basiese behoeftes. Die Here het my gelei om met Ma's-vir-Wellington hande te vat en hulle te ondersteun met die verspreiding van voedsel vir behoewende gesinne. Ek het 'n paar Whatsapps uitgestuur en binne 24 uur was daar reeds werkers, koelgeriewe, voertuie en verpakking beskikbaar gestel. Binne 48 uur is die eerste voorrraad lemoene, patats, eiervrug, uie en vleis versprei na 120 gesinne, 5 informele sopkombuise, 9 Fostercare huise en 'n weeshuis.

Ek is dankbaar vir Ma's-vir-Wellington vir hulle onbaatsugtige werk en gesindheid, om in die hierdie grendeltyd op te staan en hul lewens selfs op die spel te sit, om 'n gemeenskap te dien. Dankie vir julle gehoorsaamheid om die organisasie so op te bou in verhoudings, struktuur en integriteit, sodat julle 'n veilige en verantwoordelike kanaal was om hulp deur te kanaliseer. Ek eer julle in die manier waarop julle nie net inwaarts gekeer het en julle eie belange gedien het nie, maar julle 'n kanaal van voorsiening geraak het vir skole, weeshuise, ouetehuise, versorgingshuise en vele sopkombuise. Julle is voorwaar 'n bron van hoop vir die gemeenskap en julle uitlewing is 'n weerspieëling van die groter Hoop in julle.

## Om te mag **Deel** wat jy ontvang het

Helena Krynauw



GOD SAL VOORSIEN het die afgelope tyd vir my 'n heel nuwe betekenis gekry. Dis nie net woorde nie, dis 'n belofte. My belewenis van die Covid 19 situasie het my weer laat glo in wonderwerke. Ek kon sien: mense met oop hande en mense met omgee harte.
Die organisasie, Ma's-vir-Wellington het my pad gekruis en het my kom leer dat as ek wou moed opgee, daar altyd 'n oplossing op gebed kom. Gereeld het ek oproepe gekry: Helena ons het lemoene, Helena ons het patat, Helena ons het sopbene, Helena ons het brood, Helena ons het aartappels, Helena ons het, ons het, ons het! Kom net en kom haal!! Ek was verstom en verslae hoe die Here hulle seën en hulle met ander organisasies deel. My geloof is getoets en ek is nooit teleurgestel nie.

## Om aan die **Ontvang**kant te wees

Eerstens wil ek vir my Hemelse Vader dankie sê. Ons vrouens waardeer opreg dit wat ons al ontvang het. Dit help ons baie. Dankie daarvoor.

Christelene

Die covid tyd is 'n baie moeilie tyd, maar daar was ook 'n oorvloed van seëninge. Nie net in my huis nie, maar ook my bure is hierdeur geseën omdat ek met hulle kon deel. Die kinders se ouers is baie dankbaar. Mag God jul ryklik seën.

Christell

Ek roep 'n prys uit vir Jesus, vir al sy goedheid. Dat hy mense-engele gebruik om vir Sy kinders te sorg en dat Hy so groot is en in sy kinders se behoeftes voorsien. Prys sy Naam.

Claressa

Ek groet u almal in Jesus se Naam. Die Naam bo alle Name. Ek eer die Here vir mense soos u - hulle wat in hierdie tyd omgesien het na ons mense tydens die grendeltyd periode. Ek kon pakkies maak van al die kos wat ek self ontvang het en kon daarvan aan ander huisgesinne uitdeel. Om die dankbaarheid op hul gesigte te kon sien, kan ek net sê: God is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie. Die Here seën u almal.

Jacky Smith



# Opregte Dank aan elke persoon wat bygedra het tot die Covid-verligting Projek:

Alle donateurs vir geldelike bydraes, vrugte & groente

Agri Technovation

Basson Werksdrag

Beulah Christen Retreat

Brown-Forman

Cornerstone Nursery

Drakenstein Munisipaliteit

Guide Crop Growers

Hopewell UMC, Downingtown, Pennsylvania

Inceba Trust

Lazarus Ministry

Jupiter Group

NG Toringkerk Paarl

Mosaic Community: Duitsland

Mossop

Oakhill Wellington

Tomis Meat Packers/Abbatoir

Shofar Wellington

Steers Wellington

Tuisbes Plaas

Valcare

Wellington Landbougemeenskap

Wellington Moedergemeente

Windmeul Eiers

Quantum Foods Nulaid

